# DIE LEWENSVERHAAL
# VAN
# APPIE TAWWEMAN

Gebaseer op ’n idee van Ds. T.D. Booker

en geïllustreer en van dialoog voorsien

deur Jacobus van der Riet

Minuteman, Alberton

2024

# Voorwoord


Die strokies in hierdie boek vervat, het in die tagtiger en negentiger jare van die vorige eeu in die koerant Die Ligdraer verskyn, in swart en wit. Dit is nou digitaal verfris, en van kleur en ekstra agtergrond voorsien, terwyl die dialoog ook soms aangepas is.


Indien iemand sou wonder waarom Appie Tawweman se vrou, Lenie, dan so baie na Klaas Glasie se vrou, Gesie, lyk (sien: Klaas Glasie: Van Moedverloorstasie na Rehabilitasie), hier is die antwoord: hulle is ʼn identiese tweeling. Boonop het ook Klaas Glasie, oftewel Nikolaas van Wijngaard, eweneens ʼn identiese tweeling-broer, Ignatius (oftewel Naas), en dit is hý wat in hierdie reeks tekeninge verskyn, nie Klaas Glasie nie, al sou dit met die eerste opslag na lg. lyk.  Hopelik is al hierdie dinge nou duidelik.



JY WIL NIE DALK VIR MY JOU STORIE VERTEL NIE, VAN JOU AFDAAL EN OPKOM UIT DIE DRANK SE HEL NIE?
DIS 'N LANG STORIE, MAAR AS DIT IEMAND KAN BAAT, SAL EK TOG DAARVAN PRAAT.
WAAR HET DIT BEGIN? EK HET GESUKKEL OM MYSELF TE AANVAAR, EN TOE DOG EK: MET DRANK KOM EK BETER MET MYSELF KLAAR.
ヤシャ
SO WANEER HET JY VIR DIE EERSTE KEER BEDENKINGE OOR JOU DRINKERY GEKRY?
DIT WAS TOE EK 'BLACKOUTS' BEGIN KRY, DAARDIE GATE IN MY GEHEUE WAT VERSKYN NÁ 'N SWAAR SESSIE MET BIERBOTTELS EN WYN.
ヤシャ
MAAR MIN HET EK GEWEET DAT DIT 'N VROEË TEKEN KAN WEES VAN DIE SIEKTE WAT ALKOHOLISME HEET.
DIE GEDAGTE AAN DRANK HET MY DENKE BEGIN OORHEERS. AL WAARAAN EK KON DINK, IS WANNEER EK WEER SOU KON DRINK.
AS EK NA 'N PARTYTJIE GAAN, WOU EK NET WEET WAAR DIE BOTTELS DAN STAAN.
AS EK DAARAAN TERUG DINK, WONDER EK WIE HET VIR WIE GEKRY: EK VIR DIE BOTTELS OF DIE BOTTELS VIR MY?
ヤシャ



OP 'N PARTYTJIE WAS MY EERSTE DRANKIES SOMMER SULKE LANG SLUKKE...
HOE GOUER EN GROTER DIE SLUKKE, HOE GOUER WAS EK OP MY STUKKE.
JA DIS WAT EK WAS: DIE MAN MET DIE LEË GLAS.
ONEINDIG TOG IS DIE MENS SE VERMOË TOT SELFBEDROG: JY WEET MOS WAT HET GEWORD VAN "GEDOG"...
EK HET GEDOG EK KAN, AS EK PROBEER, MY DRINKERY BEHEER, TOT EEN OF TWEE DRANKIES OP 'N KEER...
MAAR AS EK MY KOM KRY, IS EK LANKAL BY DIE PUNT VAN DRONKWORD VERBY!
EK KON NIE ERKEN DAT EK BEHEER OOR MY DRINKERY VERLOOR HET NIE. EK KON ALTYD AAN 'N REDE DINK HOEKOM EK MY WEER TOT DRONK TOE DRINK.
EK HET ALTYD ANDER BLAMEER, VASBERADE OM EENDAG WEER MY DRINKERY HEELTEMAL TE BEHEER.
HET EK MAAR GOUER KON ERKEN: DIE BOTTEL HET DIE STRYD GEWEN.



DIE DRANK HET MY VAS-GEKEER, SOOS 'N MUIS IN 'N HOEK.
AL UITKOMS WAS OM DIE FOUT BY ANDER TE SOEK.
HOE HET EK NIE GERAAS EN SKEL NIE. DIE ERGER DINGE SAL EK JOU MAAR LIEWERS NIE VERTEL NIE.
DIT WAS SWAAR OM TE AANVAAR DAT DÍT EK IS: 'N VAAL VERLEPTE BLAAR!
EK VERKIES TOE OM MY WAT TE VERBEEL, EN BEGIN TOE SOMMER GROOT MENEER SPEEL!
MET AL DIE WINDMAKER WIND-LAWAAI WOU EK KEER DAT MY DRANKPROBLEME HULSELF AAN DIE WÊRELD VERRAAI.
NIEMAND KON BETER VERSKONINGS MAAK NIE, OOR HOEKOM EK ALTYD WEER DRONK MOES RAAK NIE.
WANT SIEN, AS EK 'N REDE KON KRY, KON EK DIT MOS IN DIE TOEKOMS VERMY.
MAAR DIE EINTLIKE REDE, DAT EK AL KLAAR 'N VER-SLAAFDE WAS, DIT WAS TE SWAAR OM IN MY GEDAGTES TE PAS.


EENDAG IS EENDAG, HET EK VIR MYSELF GESÊ, DAN SAL EK WEET HOE OM WEER BEHEER OOR MY DRINKERY TE HÊ!
AAN DIÉ IDEE HET EK VAS GEGLO.
MAAR INTUSSEN WAS EK ONDER, EN DIE DRANK WAS BO.
ALMAL HET GESÊ EK MOET OPHOU DRINK, ALMAL BY DIE HUIS, BY DIE WERK, DIE FAMILIE EN DIE KERK.
"TOE NOU, JY KAN MOS," HET HULLE GESÊ. "'N MAN MOET NET 'N BIETJIE WILSKRAG HÊ."
MAAR HOE MEER HULLE ELKE KEER DRUK, HOE MEER HET EK ELKE KEER MISLUK.
TOE KLIM EK OP DIE "WATERWA" – DIT IS DIE GROOT POGING OM MY DRINKERY VIR 'N TYDJIE TE BEHEER.
EN AS EK AFVAL, SÊ EK NET: VIR WAT SAL DIT MY PLA? WIE WIL DAN NOU RY OP DIE WATERWA? SO HET EK IN SIRKELS OOR MY VERGEEFSE POGINGS GEREDENEER.


MY DRINKERY MAAK MY TOE SKAMER EN SKAMER, EN OOK AL HOE EENSAMER.
DIS OOR HULLE SELF NIE KAN WEN NIE, BESLUIT EK TOE, DAT HULLE MY NIE WIL KEN NIE.
TOE SÊ EK VIR MYSELF: DIE MENSE KAN MY MAAR VERMY. EK SAL VIR MY NUWE VRIENDE KRY!
HOE VERDER EK IN DIE DRANK SE SLOOT AFSPOEL, HOE MEER HET EK VIR MYSELF JAMMER GEVOEL.
DIT HET GEVOEL OF ALMAL GEKANT IS TEEN MY, DIE ALKOHOLIS, ASOF EK ALLEEN IN DIE WÊRELD IS.
TOE EK EERS MY WERK VERLOOR, BLY DAAR NET DIE DRANKBOTTEL OOR.
VAN TOE AF STEL EK IN NIKS ANDERS MEER BELANG NIE, FAMILIE OF VRIENDE OF KERK NIE; NIKS STEL MEER 'N PERK AAN DIE DRANKLUS SE DRANG NIE.


TOE HET EK GEDINK DIS TYD OM HEELTEMAL WEG TE GAAN.
ELDERS SOU EK MOS DIE DRANK KON LAAT STAAN.
MAAR AL WAS EK OP 'N ANDER PLEK, MOES EK TOG ONTDEK: EK IS NOG AL DIE TYD EK.
...EN TOE GAAN DIT AL BAIE SLEG, EN WEET JY WAT? SKIELIK WAS AL MY VRIENDE WEG!
JA, DIS WAT HULLE WAS: DRINKERSVRIENDE WAT VRIENDE BLY SOLANK DIT HULLE PAS.
EK HET AL MINDER IN MY VROU BELANG GESTEL, WANT VAN NOU AF WAS DIE BOTTEL AL WAT TEL.
SY WOU OOK GRAAG 'N LIEFDEVOLLE MAN HÊ, MAAR MY LIEFDE HET MOS BY DIE BOTTEL GELÊ.
OM TE DINK DAT DIE BOTTEL EN DIE KAN DÍT KAN DOEN AAN 'N MAN!



SO HET DIT GEGAAN: VROEG-OGGEND VAT EK AL MY GLASIE, OM ONTSLAE TE RAAK VAN BABELAS EN BEWERASIE.
EN GEDURENDE DIE DAG, AS DIE BEWERASIE WEER BEGIN, GOOI EK NET 'N REGMAKERTJIE IN.
EN HOE MEER JY JOU REG PROBEER MAAK, HOE DIEPER HET JY IN DIE MOEILIKHEID GERAAK?
EK VOEL TOE SO SKULDIG EN SKAAM, EN MY ARME VROU, SÝ KRY TOE AL DIE BLAAM!
EK WAS SO VOL JALOESIE EN SUSPISIE, EN DAN RAAS EK EN MAAK EK RUSIE.
EN TOG WAS SY GETROU, AL HET EK HAAR SO MIN REDE GEGEE OM VAN MY TE HOU.
MY VROU DINK TOE MOS DAT AS SY MY DRANK IN DIE DREIN UITGOOI, SAL EK MY DRINKERY LOS...
MAAR EK HET GEWEET HOE OM 'N BOTTEL GOED WEG TE STEEK.
NET JAMMER MY SLIMMIGHEID HET HOM OP MÝ GEWREEK!



HOE MEER EK GEDRINK HET, HOE MEER HET MY ETENSTYD DIE SPIT AFGEBYT.
EK LYK TOE NOG VET EN GESOND, WANT MY WANGETJIES WAS NOG BLINK EN ROND...
MAAR DIE DOKTER WAT DIEPER KAN KYK, HET AL BAIE BEKOMMERD GELYK!
MY MENSE HET HULLE OOR MY VERSTAND BEGIN BEKOMMER, WANT HULLE KON SIEN MY KOP RAAK AL DOWWER EN DOMMER.
HULLE HET NOG PROBEER OM MET MY TE REDENEER, OM MY VAN DIE DRANKBOTTELS WEG TE KEER.
MAAR HOE KAN 'N MAN VERSTANDIG BESLUIT, AS DIE WIND AL WOES DEUR SY VOOS KOP FLUIT?
NIE NET MY BEURSIE NIE, OOK MY KOP WAS BANKROT: MY BEGRIP VAN REG EN VERKEERD WAS NOU VOL GATE EN VERROT.
DIT KON MY NOU MIN SKEEL OM TE LIEG EN TE STEEL, NET VIR NOG 'N DOP VIR MY DORSTIGE KEEL.



VAN TE MOET BETAAL VIR DIE GEDURIGE DOP, RAAK MY GELD TOE MOS OP.
EK WAS SELFS BEREID OM MY MEUBELS WEG TE LAAT RY, NET OM KONTANT VIR DIE VOLGENDE DOP TE KRY.
VERSKRIKLIKE VRESE HET MY BEET GEPAK, EN GOU WAS EK 'N SENUWEEWRAK.
WAARVOOR WAS JY DAN SO BANG?
EK KON SELF NIE SÊ NIE, BEHALWE VIR DIE GEVOEL DAT 'N VREESLIKE EINDE NET OM DIE DRAAI LÊ NIE.
DIE VREES WOU GLAD NIE BEDAAR NIE, SODAT EK DIE LEWE GLAD NIE SONDER ALKOHOL IN DIE GESIG KON STAAR NIE.
JY SAL NOOIT GLO HOE DIE DRANK 'N MENS SE VERSTAND AAN KAN TAS NIE.
EK HET DINGE BEGIN SIEN WAT DAAR GLAD NIE EERS WAS NIE.
ONGEDIERTES KOM TOE OP MY AF, VAN ALLE KANTE: SLANGE, SPINNEKOPPE EN SELFS OLIFANTE!


SO HET DIT GEGAAN: SOGGENS VOEL EK BEWERIG EN SLEG, DAN MAAK EK DIT WEER MET 'N REGMAKERTJIE REG.
AS EK DIE DAG SO BEGIN, KAN JY DINK WATTER TOESTAND IS EK TEEN DIE AAND AL IN.
DAG NA' DAG, VAN DIE OGGEND TOT DIE AAND, SOOS 'N WIEL TEEN 'N STEIL AFDRAAND.
DEUR DIE DRINKERY HET DIE GEVOEL VIR MY VROU TOE MOS VOETE GEKRY EN AL VERDER VERFLOU.
MAAR AAN DIE WYNBOTTEL WAS EK BAIE GETROU. HY WAS DIE EEN WAARAAN EK TOE NAARSTIGLIK KLOU.
MAAR TOE DRINKERY WYK, KON EK MET NUWE OË NA HAAR KYK.
TOE PROBEER MENSE MOS OM MY TE FORSEER, DAT EK MY MOET LAAT REHABILITEER.
PARTY HET VEROORDEEL EN SLEG GESÊ, PARTY HET VERWYT EN GENEUL, PARTY HET MY GEPAMPERLANG, EN PARTY HET BELEDIG EN GEDREIG.
MAAR HOE MEER MENSE OP DIÉ MANIER PROBEER, HOE MEER HET EK VIR 'N VALE GEKEER.



PARTY MENSE WOU MY DEUR 'N KNAENDE NEULERY MOTIVEER OM HULP VIR MY DRANK-PROBLEEM TE KRY.
MAAR HOE MEER HUL NEULERY DRUP SOOS 'N LEKKENDE KRAAN, HOE MEER KLAM DIE WYN MY ALTYD AAN.
ANDER WOU MY DEUR SLEGSÊ, VERWYTE EN NEERHALENDE ARGUMENTASIE OORREED OM AAN TE MELD VIR REHABILITASIE.
EN AS IEMAND JOU DAN SO SLEGSÊ, IS DIT MOS 'N LEKKER VERSKONING OM IN DIE ELLENDE TE BLY LÊ?
JUIS NET MOOI PRESIES WAT EK WOU HÊ!
ANDER HET MY VERTROETEL EN GEPAMPERLANG. SO WOU HULLE MY MOTIVEER OM NA REHABILITASIE TE VERLANG.
MAAR 'N BABA WAT ALTYD SY SIN KAN KRY, IS MAAR AL TE TEVREDE OM OP DIE BOTTEL TE BLY.


WIE WIL HELP MET DIE MOTIVERING EN REHABILITASIE VAN 'N ALKOHOLIS, MOET EERS SEKER MAAK OF HY 'N WARE VRIEND VAN HOM OF HAAR IS.
WIE DIE ALKOHOLIS SE WEERSTAND TEEN REHABILITASIE GOU MET NET 'N PAAR WOORDE WEG WIL TOOR, SAL NET SO GOU WEER MOED VERLOOR.
????
DIE MOTIVEERDER MOET DIE ALKOHOLIS LEI OM TE ERKEN DAT DIE ALKOHOL DIE STRYD TEEN HOM WEN.
HOE LYK DIT? KAN JY MISKIEN DIE DRANK VIR 'N MAAND OPSYSIT?
'N MAAND? EK BEGIN VANAAND!
NA DRIE POGINGS HET EK MET TEËSIN GEWEET DAT OOK EK ALKOHOLIS HEET.
AS DIE ALKOHOLIS SY PROBLEEM BESEF, MOET HY GELEI WORD OM TE BEGRYP DAT DAAR HULP IS EN DAT HY DIT NODIG HET.
GOED. EK HET 'N ALKOHOLIS GERAAK. WAT NOU VERDER GEMAAK?
DIS JOU KEUSE: JY KAN 'N DRINKER BLY, MAAR DIS TOG VOORDELIGER OM HULP TE KRY.


'N MENS MOET DIE ALKOHOLIS PROBEER HELP OM HOMSELF BETER TE SIEN.
HY STAAR HOM MOS BLIND TEEN ELKE MISLUKKING WAT HY IN HOMSELF KAN VIND.
MAAR AS JY HOM SOMS OP DIE SKOUER KAN KLOP, BOU JY WEER SY SELFBEELD OP.
DIE ALKOHOLIS MOET GELEI WORD OM 'N BESLUIT TE NEEM OOR REHABILITASIE EN DAN SY BESLUIT UIT TE VOER.
EK IS SIEK EN SAT VAN DRONKVERDRIET-STASIE! EK GAAN NOU VIR REHABILITASIE!
HALLO! IS DAAR BY JULLE SENTRUM PLEK VIR NOG 'N PASIËNT?
AS JY 'N ALKOHOLIS MOTIVEER MOET JY KLEM LÊ OP HOOP...
...DIE HOOP OM WEER KOP OMHOOG TE KAN LOOP.
WANT AS HY EERS ALLE HOOP VERLOOR, BLY DAAR NET DIE FINALE ONDERGANG OOR.


DIE HUWELIKSMAAT VAN DIE ALKOHOLIS MOET GEHELP WORD OM 'N GESONDE UITKYK OP DIE LEWE TE BEHOU.
JY MOET JOU TOG NIE SAAM IN DIE SLOOT AF LAAT SLEEP NIE.
SY MOET HAARSELF NET NIE GAAN STAAN EN AFSKEEP NIE.
IEMAND MOES OOK DESTYDS VIR MY GESIN VERDUIDELIK WAT ALKOHOLISME IS, AS DEEL VAN DIE MOTIVERINGS-PROSES.
NOU VERSTAAN EK OOK MY PA SE DRINKERY. NOU KAN EK OOK HELP OM HOM WEER SOBER TE KRY.
DIE ALKOHOLIS SE VRIENDE MOET OOK BETREK WORD OM HOM TE HELP MOTIVEER, SOOS MY GOEIE VRIENDE OOK GEDOEN HET.
HOE LYK DIT, GAAN ONS VIR OU APPIE MOTIVEER OM HOM TE LAAT REHABILITEER?
ONS GAAN TEN MINSTE PROBEER!
TOT HY SY OU SELF IS WEER!



EN DAN IS DAAR DIE KERK SE GEESTELIKE SPAN WAT MOET SAAMWERK OM DIE ALKOHOLIS TOT REHABILITASIE TE BRING.
HULLE HET LANGS MY KOM SIT, IN ELLENDE VERSINK, EN SAGMOEDIG, DOG BESLIS, GEWYS OP 'N UITKOMS WAT WINK.
OOK MY WERKGEWER IS BETREK IN DIE POGING OM 'N VERLANGE NA HERSTEL IN MY TE WEK.
ONS IS BESORG OOR JOU, APPIE. DIT LYK VIR ONS JY DRINK JOU GEDAAN. DIE FIRMA SAL JOU ONDERSTEUN AS JY BEREID IS OM VIR REHABILITASIE TE GAAN.
SO HOEKOM IS DIT SO MOEILIK VIR 'N ALKOHOLIS OM SY DRANKPROBLEEM TE ERKEN?
WEL, OOK VIR MY WAS DIT NIE LEKKER OM DIT TE ERKEN NIE, DAT EK NIE DIE STRYD TEEN DIE BOTTEL KON WEN NIE.
'N MAN HET MOS SOMS 'N ONGESONDE TROTS. DAN HOU HY HOM MOS SO ONBEWEEGLIK EN HALSTARRIG SOOS 'N TIEN TON ROTS.


EK DINK 'N MAN VOEL SEKER SKAAM AS HY BESEF: ALKOHOLIS IS MY NAAM?
JA, AL DIE GEFLUISTER WAARNA 'N MAN MOET LUISTER WIL 'N MAN NET LAAT WEGKRUIP IN DIE DUISTER.
NIKS BRAND SO WARM SOOS 'N HOOGMOEDIGE OOG IN JOU NEK. DAN DINK 'N MAN: DIE GROOTSTE MISLUKKING IS EK!
AS JY 'N ALKOHOLIS SE HART WIL BEREIK, MOET JY ONTHOU HY IS AL SOVEEL KEER BERISPE, UITGESKEL, DIE WAARHEID VERTEL EN SKEEF AANGEKYK.
SO AL LYK HY SO HARDVOGTIG, IS HY DALK MAAR NET MET REG ERG AGTERDOGTIG.
NOG EEN, MET GOEIE BEDOELINGS, HET MY VERTEL HOE EK MY KINDERS AFSKEEP, MAAR DIT HET OOK MOS AL LANKAL GEWEET.
AS ONS NIE DIE WAARHEID MET WYSHEID KOMBINEER NIE, IS DAAR NIKS DAARUIT TE LEER NIE.
JA, EK KON MAAR NET BLOOS, EN MYSELF MET NOG 'N DOP TROOS.


TOE KOM DIE KERKMENSE MOS BY MY BIDUUR HOU, MET DIE BEDOELING OM MY VINNIG VAN DIE DRANKLUS TE VERLOS, EENSKLAPS, SOMMER GOU!
HULLE HET HULSELF GENOOI, EN LAAT VOEL MY NET VERLEË EN SLEG. AG, WANNEER GAAN HULLE TOG WEG?
EK HOOR TOE DIE MENSE PRAAT VAN MY "WEGSTUUR" VIR REHABILITASIE, TOÉ NOG TEÉN MY WIL EN SIN.
SO NOOIT AS TE NIMMER KRY JY 'N MAN SÓ BY 'N REHABILITASIE-SENTRUM IN.
AL KRY JY HOM IN, HET JY AL VERLOOR, NOG VÓÓR JY BEGIN.
SO WAT HET JOU EINDELIK OORTUIG OM JOU AAN TE MELD VIR REHABILITASIE?
AS JY MY VRA, DINK EK DIT WAS DIE KOMBINASIE VAN AL KWAAIER LEWER-PYNE, VERAL,...
..EN 'N VRIEND WAT DIE REGTE WOORD OP DIE REGTE TYD MET DIE REGTE GESINDHEID LAAT VAL.



BY DIE REHABILITASIE-SENTRUM NEEM DIE DOKTER MY TOE ONDER HANDE. MET MEDISYNE LÊ HY TOE DIE ONTTREKKINGSIMPTOME AAN BANDE.
HY BOU JOU LIGGAAM OP, MAAK DIT WEER STERK, EN VERDUIDELIK PRESIES HOE VERSLAWING WERK.
BY DIE REHABILITASIE-SENTRUM PRAAT 'N MENS EERS MET ELKEEN VAN DIE SPANLEDE SAAM...
EN HULLE SIT DAN KOPPE BYMEKAAR OM VIR JOU 'N BEHANDELINGSPLAN TE BERAAM.
APPIE T.
AS JY BY DIE SENTRUM KOM, LYK ALLES NOG VIR JOU DUISTER, MAAR DAAR IS MENSE WAT JOU KANS GEE OM TE PRAAT EN BEREID IS OM TE LUISTER.
HULLE IS JOU GOEDGESIND EN HELP JOU OM SELF JOU ANTWOORDE EN OPLOSSINGS TE VIND.



BY DIE REHABILITASIE-SENTRUM KRY JY OOK LESINGS WAT JOU MEER OOR ALKOHOLISME LEER.
EN JY KAN OOK VIDEOS OOR ALKOHOLISME KYK, TOT DIE HELE WÊRELD VIR JOU VIERKANTIG LYK.
DAAR BY DIE REHABILITASIE-SENTRUM KOM ONS AS PASIËNTE DIKWELS OOK VIR GROEPSESSIES BYMEKAAR.
DIS RAAR MAAR WAAR: HOE BAIE DIT HELP AS JY BESEF DAAR IS ANDER WAT DIESELFDE DRANKPROBLEME IN DIE GESIG MOET STAAR.
AL DIE JARE SE GEDRINK HET MY GESONDHEID EN SPIERKRAG LELIK VERMINK.
NOU MOES EK MY KRAGTE MET GESONDE KOS EN OEFENING HERWIN...
...OM OOK MET MY LYF STERKER TEEN DIE VERSLAWING SE VERSOEKINGS TE STAAN.



BY DIE SENTRUM HET HULLE ONS OOK BEGELEI OM ONS STRYD MET GOD SE HULP TE STRY.
EFESIERS 5:18 - MOENIE DRONK WORD VAN WYN NIE - DAARIN IS LOSBANDIGHEID; MAAR WORD MET DIE GEES VERVUL.
OF
OF
KOM, SKEPPER GEES...
NET TOE EK WEER DIE LEWE GENIET, WAS DIT TYD OM DIE SENTRUM TE GROET EN HUIS TOE TE GAAN, TOT MY BLYDSKAP EN OOK MY VERDRIET,..
...WANT EK WAS BRA BENOUD EN OOK BANG: HOE SOU MY GELIEFDES MY ONTVANG?
MAAR EK HET MY VERNIET BEKOMMER: HULLE VERWELKOM EN OMHELS MY TOE SOMMER!
DINK JY HY HET REGTIG OPHOU DRINK?
WAT SAL 'N MENS VAN SO 'N GESKINDER SÊ?
O DIE GESKINDER! DIT HINDER 'N MAN, DIT HINDER, MAAR AG WAT, MET DIE TYD SAAM WORD DIT MINDER!


KAN EK JOU VERTEL HOE DIT WAS VÓÓR MY REHABILITASIE, EN HOE DAARNÁ?
EERS WAS DIT SNUIT-SNUIT BY DIE BOTTEL SE TUIT...
EN DAARNÁ FLUIT-FLUIT IN DIE WÊRELD UIT!
ヤシャ
EK SÊ, EK SÊ, EK HOOR JY IS NOU SOBER, NÊ? HA-HA!
HOE HET DIE HERE JESUS GESÊ: "IN DIE WÊRELD SAL JULLE VERDRUKKING HÊ."
ヤシャ
"MAAR HOE GOEIE MOED; EK HET DIE WÊRELD OORWIN."
MY VOETE LOOP NA WELLINGTON, MAAR EK GAAN WORCESTER TOE!
OF DIT NOU WELLINGTON IS OF NUY, BY DE DOORNS OF WOLSELEY MOET HY VERBY OM SY REHABILITASIE OP WORCESTER TE KRY.
ヤシャ


DIS DAREM LEKKER AS 'N MENS SE BENE SOGGENS NIE BEEF NIE.
...EN AS DAAR NIE GOGGAS VOOR 'N MENS SE OË SWEEF NIE.
HIER OP MY PLAAS IS DIT KLAAR MET BABELAAS!
DIS MOEILIK OM MYSELF SO VROEG UIT DIE KOOI TE KRY...
...VIR MY GEBEDSREËL EN BYBEL-LEES DAARBY.
MAAR HOE SAL EK SONDER DIE KRAG VAN GENADE HEEL DAG LANK SOBER KAN BLY?
NIE ALLE STRAWWE DRINKERS WORD OOK ALKOHOLISTE NIE. SO WIE SÊ EK SAL OOK EEN WORD?
WEL, DRONK DRINK IS MOS TOG DIE EINTLIKE SONDE – ALKOHOLISME IS MAAR NET DIE KWAAI SIEKTE DAARAAN VERBONDE.


EN DIT ?
ONS HUISIE HET GLAD TE LANK LELIK GELYK.
JA, DIE APPIE VAN OUDS BEDERF ONS DEESDAE HIER OP DIE WERF. HY SPIT, HARK EN WIL NOU GLAD VERF.
DIÉ MAAND GAAN ONS NIE DEURKOM MET DIE GELD NIE.
MET 'N STEWIGE BOTTEL WYN SAL DIÉ BEKOMMERNIS MOS GOU VERDWYN...
KYK, WATSE BOG DINK EK NOG! DAT DRANK MY KAN HELP – DIS MOS SELFBEDROG!
WAT MAAK 'N MENS DAN MET BEKOMMERNIS, AS JY DIT NIE MET DRANK KAN VERDRYF NIE?
I PETRUS 5:7 WERP AL JUL BEKOMMERNISSE OP HOM, WANT HY SORG VIR JULLE.
SO, LIEWERS BID VIR HULP, UITKOMS OF ADVIES, AS BEKOMMER, DRINK EN VERKNIES.


ROMEINE 14:7:
...WANT DIE KONINKRYK VAN GOD IS...
... NIE SPYS EN DRANK NIE, MAAR...
GEREGTIGHEID EN VREDE EN BLYDSKAP IN DIE HEILIGE GEES.
KYK WAS SÊ DIE APOSTEL: WEET JULLE NIE DAT JULLE LIGGAAM 'N TEMPEL VAN DIE HEILIGE GEES IS NIE?
DIE VERSIE HET MY DIE LIG LAAT SIEN, WANT MY LIGGAAM WAS NET 'N TWEEDE-KLAS KANTIEN!
"WEES NUGTER, WEES WAKKER! JULLE VYAND, DIE DUIWEL, LOOP ROND SOOS 'N BRULLENDE LEEU, OP SOEK NA IEMAND OM TE VERSLIND. BLY STANDVASTIG IN DIE GELOOF EN STAAN HOM TEË."
– PETRUS 5:8-9.
AS SOBER ALKOHOLIS WEET EK GOED WAT EEN VAN HIERDIE LEEU SE VELE SKUILNAME IS.


WIE HET GESÊ: JY GAAN NOG 'N GROOT ONGELUK MAAK DEUR SO SONDER BRIEKE TE RY?
DIS AMPER SOOS OM ONBEHEERSD TE DRINK – DAN IS DAAR OOK NIE BRIEKE NIE.
G'N WONDER EK WAS GOU DIE ERG KRANKE EN MANKOLIEKE NIE.
ヤシャ
AS IEMAND MY LIEFHET EN MY WOORD BEWAAR, SAL MY VADER HOM LIEFHÊ, EN ONS NA HOM TOE KOM EN BY HOM WONING MAAK — JOHANNES 14:23
AS DIE HEILIGE DRIE-EENHEID SO LIEF IS VIR HOM WAT GEHOORSAAM IS, DAT HY ALTYD BY HOM WIL BLY...
ヤシャ
DAN IS DIE NODIGHEID MOS VIR ALTYD VERBY OM MY DEUR 'N BOTTEL TE LAAT VLEI.
AG, JY WEET MOS: MY VROU SIT OP MY KOP. NOU VAT EK MAAR 'N DOP.
ヤシャ
EN NOU SIT DIE DOP OOK OP MY KOP!


HULLE MOET TOG NET AL DIE WINGERDE UITKAP, WAT ONS SO VERLEI MET HUL SAP!
AG NEE WAT, HOEKOM NOU DIE WINGERDE BLAMEER? OM WYN REG TE GEBRUIK, DIT MOET DIÉ WAT NIE ALKOHOLISTE IS NIE, LIEWERS LEER.
JESAJA 5:11
"WEE HULLE WAT ...
... VROEG IN DIE MÔRE KLAARMAAK OM STERK DRANK NA TE JAAG, ...
... WAT IN DIE NAG LAAT OPBLY, TERWYL DIE WYN HULLE VERHIT."
DRINK JY OP STRAAT, IS ALMAL VIR JOU KWAAD...
...EN DRINK JY ALLEEN IN JOU KAMER, WORD JY AL HOE EENSAMER.
DIS HOEKOM EK SO BLY IS, DAT EK VAN DIÉ SIRKELGANG VRY IS.

DIE EINDE